# Bekende Moolman Mentz sterf op 91

**Sanette Botha**

Mnr. Moolman Mentz is Donderdag, 14 Junie oorlede.

Hy is 91 jaar gelede gebore en het sy skoolloopbaan op Morgenzon begin waarna hy tot in die destydse standerd 6 onderrig by die Rooiwal-plaasskool in die Amsterdam-omgewing ontvang het. Die res van sy hoërskoolloopbaan het hy aan Ermelo Hoërskool voltooi.

Omdat hy ná matriek op 16-jarige ouderdom te jonk was om universiteit toe te gaan, het hy vir 'n jaar by die koeldrankfabriek op Ermelo gewerk.



Mnr. Moolman Mentz is op 91-jarige ouderdom oorlede.

Daarna het hy sy regstudies aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi.

Mnr. Mentz was 'n kranige rugbyspeler en het vir Garnisoen (die latere weermag) gespeel en het ook vir Noord-Transvaal op die rugbyveld uitgedraf. Hy was in 1945 die senter vir die Suidoos-Transvaalse Subunie en was ook op die bestuur van die Uile.

Ná sy studies is hy aangestel as dosent by die nuutgestigde Militêre Akademie op Saldanha. Dié akademie is toe geskuif na Robertshoogte, later bekend as Voortrekkerhoogte in Pretoria, waar hy klas in militêre reg gegee het. Hy het ook deeltyds gepraktiseer as junior advokaat.

Mnr. Mentz was met Mara getroud en twee seuns en drie dogters is uit die huwelik gebore.

Hy het in 1971 uit die balie bedank en het na Ermelo teruggekeer waar die egpaar verskeie ondernemings bestuur het.

Mnr. Mentz het ook in dié tyd op, onder andere, die stadsraad, die publikasieraad, die hospitaalraad, en ander rade gedien.

Hy is drie jaar later terug na die balie en het vanaf Ermelo gepraktiseer waar hy net diamantsake hanteer het en ook betrokke was by die herskrywing van die diamantwet.

Hy was vir sowat vyf jaar by die Staat teen Skentologie-saak betrokke waartydens hy vir die skentoloë opgetree het.

Sy politieke belangstelling was altyd daar en nadat hy weer eens die toga neergelê het, het hy hom tot die aktiewe politiek begeef.

Hy was in 1986 Ermelo se kandidaat vir die Konserwatiewe Party en Lid van die Volksraad vir twee termyne tot 1994.

Hy was tot in 1999 lid van die Mpumalanga-wetgewer waarna hy uit aktiewe politiek getree het.

Mnr. Mentz het hom daarna op die familieplaas besig gehou met Gelvich-beeste wat toe 'n nuwe ras in Suid-Afrika was en het later oorgeskakel na die Hugenote-beesras waarmee daar vandag nog op dié plaas geboer word.

Sowat drie jaar gelede het hy en sy eggenote op die dorp kom woon waar hulle tot en met sy afsterwe gewoon het en waar me. Mentz steeds sal woon.

Hy word ook oorleef deur sy vyf kinders, 12 kleinkinders en 11 agterkleinkinders.



Onwettige vullisterreine raak 'n groot probleem in en om Ermelo. Die munisipaliteit doen 'n beroep op alle inwoners om van die aangewese terreine gebruik te maak.

# Onwettige stortingsterreine hou gevaar in vir die omgewing

**René Joubert**

Inwoners van Ermelo het onlangs die *Hoëvelder* gekontak en hul misnoeë uitgespreek oor die toename in onwettige stortingsterreine.

"Ons sien daagliks mense wat hul vullis langs die pad kom aflaai," het 'n plaaslike inwoner wat anoniem wou bly, gesê.

Sommige inwoners het hul ontevredenheid uitgespreek omdat hulle meen dat die munisipaliteit geen poging aanwend om teen skuldiges op te tree nie.

Msukaligwa Munisipaliteit het vroeër vanjaar 'n veldtog geloods om Ermelo skoon te hou en ontslae te raak van onwettige stortingsterreine. Werkers van die Community Workers Program het op 7 Maart onwettige stortingsplekke opgeruim.

Die munisipale woordvoerder, mnr. Mandla Zwane, het gesê die munisipaliteit se pogings kan slegs 'n sukses wees as die gemeenskap saamwerk.

Onwettige stortingsterreine besoedel nie net die omgewing nie, maar hou ook ernstige gesondheidsgevare vir die gemeenskap in.

"Ons doen 'n beroep op alle inwoners om die inisiatiewe te ondersteun deur vullis in die aangewese gebiede vir vullisversameling te plaas."

Mnr. Zwane het gewaarsku dat optrede teen inwoners ingestel sal word wat die munisipale verordeninge wat afvalstorting reguleer oortree.

"Artikel 22 van die munisipale verordeninge van vullis (vaste afval) verbied die onwettige storting van afval," het hy bygevoeg.

**ENVIRONMENTAL NOTIFICATION:**
**ENVIRONMENTAL LICENSING PROCESSES AND OPPORTUNITY TO PARTICIPATE**

Notice is given in terms of Chapter 6 of the 2014 Environmental Impact Assessment Regulations, promulgated under Section 24(5) of the National Environmental Management Act (Act No. 107 of 1998 – NEMA), of an application for Environmental Authorisation (EA), Water Use License (WUL)(National Water Act No 36 of 1998)and an amendment application to an existing Environmental Management Programme (EMPR) and Mine Works Program (MWP) (Section 102 of the Minerals and Petroleum Resources Development (Act No 28 of 2002-MPRDA)) for the proposed Kalabasfontein Project. The project includes the extension of underground mining operations at Forzando South Coal Mine onto the adjacent Kalabasfontein Farm.The need for a Waste Management License (WML- National Environmental Management Waste Act No 59 of 2008) and other environmental legal requirements will be identified and communicated to registered Interested and affected parties (I&APs)during the Environmental Impact Assessment (EIA) Process. A full Scoping and EIA process will be conducted.

**Name of Applicant:** Forzando Coal Mines (Pty) Ltd

**EIMS Reference Number:** 1244

Nature of Activity:Forzando Coal Mines (Pty) Ltd wishes to extend the current underground mining activities at Forzando South coal mine (under Mining Right MR380) by inclusion of contiguous areas which are held under Prospecting Rights 1035PR and 1170PR. The proposed extension does not intend to develop new surface infrastructure on the extension areas. There will be a need for two new ventilation shaftsto be located within the Forzando South mining area.

**Location:** The project falls within the Msukaligwa Local Municipality, Mpumalanga. The project area covers Portions 7, 8, 11, 13,and RE of the Farm Kalabasfontein 232 IS. The mining area is situated approximately 20km north of Bethal and 20km east of Ga-Nala (Kriel).Centre Point of site:26° 19.852'S and 29° 34.407'E

**Registration and Comment:** As a potential I&AP, you are invited to register and comment on the project. Should you have any comments or concerns regarding the project, or should you require additional information, please contact EIMS telephonically, or in writing by no later than 20 July 2018 using the contact details below. Please include the project reference number (1244) in all correspondence.

Furthermore, please be informed that the Environmental Scoping Report will be available for from 10 July to 10 August 2018,for the perusal and comment of all Interested and Affected Parties. A copy of the report will be available at theBethal Public Library as well as on the EIMS website (http://www.eims.co.za/public-participation). In order to present the findings of the Scoping Report to the public and to solicit comments on the report, a public meeting will be held on the 25th July 2018 at the Bethal Public Library (Danie Nortje Street, Contact Bettie Jordan, 017 624 3029) from 13h00 to 15h00.

Furthermore, please note that only registered I&APs will be informed of any future project information and participation opportunities.

**Name and Contact Details of EAP:**
Environmental Impact Management Services (Pty) Ltd (EIMS)
P.O. Box 2083 Pinegowrie 2123
Phone: 011 789 7170 / Fax: 011 787 3059
Contact: Cheyenne Muthukarapan
Email: kalabasfontein@eims.co.za

EIMS ENVIRONMENTAL IMPACT MANAGEMENT SERVICES

**OMGEWINGS KENNISGEWING:**
**OMGEWINGSLISENSIËRINGSPROSESSE EN 'N GELEENTHEID VIR DEELNAME**

Hiermee word kennis gegee ingevolge Hoofstuk 6 van die 2014 Omgewingsimpakstudie (EIA) regulasies, uitgevaardig kragtens artikel 24 (5) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet No. 107 van 1998 - NEMA), vir 'n aansoek om Omgewingsmagtiging (EA), Watergebruiklisensie (WUL) (Nasionale Waterwet No 36 van 1998) en 'n wysiging aansoek tot 'n bestaande Omgewingsbestuursplan (EMP) en 'n Myn Werke Program (MWP) Artikel 102 van die Minerale en Petroleum Hulpbronontwikkeling (Wet No 28 van 2002 -MPRDA) vir die voorgestelde Kalabasfontein Projek. Die projek sluit in die uitbreiding van die ondergrondse mynbedrywighede by Forzando Suid Steenkoolmyn tot op die aangrensende Kalabasfontein Plaas. Die behoefte aan 'n Afvalbestuurslisensie (WML- Nasionale Omgewingsbestuur Afval Wet No 59 van 2008) en ander omgewings wetlike vereistes sal geïdentifiseer en gekommunikeer word aan die geregistreerde belangstellende en geaffekteerde partye (B & GP) deur die loop van die Omgewingsimpakstudie (EIA) Proses. 'n Volledige Omvangsbepalings- en Omgewingsimpakstudie proses sal gedoen word.

**Naam van aansoeker:** Forzando Coal Mines (Pty) Ltd
**EIMS Verwysingsnommer:** 1244

**Aard van die aktiwiteit:** Forzando Coal Mines (Pty) Ltd wil die huidige ondergrondse mynbedrywighede by Forzando Suid-steenkoolmyn (onder mynreg MR380) uitbrei deur die insluiting van die aangrensende gebiede wat gehou word onder prospekteerregte 1035PR en 1170PR. Die voorgestelde uitbreiding is nie van plan om nuwe oppervlak infrastruktuur op die uitbreidings gebiede te ontwikkel nie. Daar sal 'n behoefte wees vir twee nuwe ventilasie skagte binne die myngebied van Forzando Suid.

**Ligging:** Die projekvalbinne die Msukaligwa Plaaslike Munisipaliteit, Mpumalanga. Die projek area dek Gedeeltes 7, 8, 11, 13, en RE van die Plaas Kalabasfontein 232 IS. Die myngebied is ongeveer 20km noord van Bethal en 20km oos van Ga-Nala (Kriel). Middelpunt van die erf: 26 ° 19,852'S en 29 ° 34.407'E

**Registrasie en Kommentaar:** As 'n potensiële B & GP word u uitgenooi om te registreer en kommentaar te lewer aangaande die projek. Indien u enige kommentaar of bekommernisse het met betrekking tot die projek, of as u verdere inligting verlang, kan u EIMS telefonies of skriftelik kontak teen nie later as 20 Julie 2018 deur gebruik te maak van die kontak besonderhede hieronder.Sluit asseblief die projekverwysingsnommer (1244) in alle korrespondensie in.

Verder, wees asseblief ingelig dat 'n Omvangsbepalings verslag beskikbaar sal wees van 10 Julie tot 10 Augustus 2018 vir hersiening en kommentaar van alle B & GPe. 'n Harde kopie van die verslag sal beskikbaar wees by die Bethal Biblioteek (Danie Nortje Straat, kontak: Bettie Jordaan op 017 624 3029) sowel as op die EIMS webtuiste(http://www.eims.co.za/public-participation).

Ten einde, die bevindinge van die Omvangsbepalingsverslag aan die publiek te bied, en om die kommentaar op die verslag te verkry, sal 'n publieke vergadering gehou word op 25 Julie 2018 by Bethal Biblioteek, Danie Nortje Straat (017 624 3029, Bettie Jordaan) vanaf 13h00 tot 15h00.

Verder, neem asseblief kennis dat slegs geregistreerde B & GPe in kennis gestel sal word van enige verdere projek inligting en deelname geleenthede.

**Naam en kontakbesonderhede van Konsultant:**
Environmental Impact Management Services (Pty) Ltd (EIMS)
Posbus 2083 Pinegowrie 2123
Tel: 011 789 7170 / Faks: 011 787 3059
KontakPersoon: Cheyenne Muthukarapan
E-pos: kalabasfontein@eims.co.za
EIMS Verwysingsnommer: 1244

EIMS ENVIRONMENTAL IMPACT MANAGEMENT SERVICES